# ROMEINE 5

**TEMA:** <u>**Vrede by God**</u>

<u>Oordenking deur</u>: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.-

-oOo-

**<u>SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING</u>: ROMEINE 5**

**Rom 5:1 Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus;**
**Rom 5:2 deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlikheid van God.**
**Rom 5:3 En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk,**
**Rom 5:4 en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop;**
**Rom 5:5 en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.**
**Rom 5:6 Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe.**
**Rom 5:7 Want nouliks sal iemand vir 'n regverdige sterwe vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe**
**Rom 5:8 maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.**
**Rom 5:9 Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.**
**Rom 5:10 Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is.**
**Rom 5:11 En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in God deur onse Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening verkry het.**
**Rom 5:12 Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het**
**Rom 5:13 want vóór die wet was daar al sonde in die wêreld; maar sonde word nie toegereken as daar geen wet is nie.**
**Rom 5:14 Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie, wat 'n voorbeeld is van Hom wat sou kom.**
**Rom 5:15 Maar dit is met die misdaad nie soos met die genadegawe nie; want as deur die misdaad van die één baie gesterf het, veel meer het die genade van God en die gawe deur die genade van die een mens, Jesus Christus, vir baie oorvloedig geword.**
**Rom 5:16 En nie soos deur één wat gesondig het, is die gawe nie; want die oordeel was uit één tot veroordeling, maar die genadegawe is uit baie misdade tot vryspraak.**
**Rom 5:17 Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus.**

-o0o-

**Rom 5:18 Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe.**
**Rom 5:19 Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word.**
**Rom 5:20 Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword;**
**Rom 5:21 sodat, soos die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here.**

-o0o-

Kom ek verduidelik vir u wat hier gebeur.

- God het Adam en Eva geskape. In die geestelike ryk het hulle kontak met God; sien God van aangesig tot aangesig. Hulle wandel in die aand met Hom.
- Adam en Eva verkies om die liefde en die eenheid met die Godheid te verwerp en gaan ‘n verbond met satan aan.
- Die sonde kom derhalwe oor na die mensdom. Die Bybel sê *Rom 6:23 Want die loon van die sonde is die dood*. Daarom moes almal na Adam, Adam inkluis, asook Eva, die dood smaak as gevolg van die sonde wat die mens beïnvloed het en die mens besmet het.
- Nou ontstaan daar ‘n verwydering van God se aangesig - die sonde was ‘n besmetting van die mens en daarom het die mens gekies om skeiding te bring tussen hom en God.
- God kom tot op die Berg Sinai, waar Hy die Wet aan Moses bied en Hy verklaar **Die Wet** aan die mens, die *EK IS*, en dat die volk Israel **My** moet dien, aangesien die Wet die mens sal oordeel omdat die hy (mens) gekies het om verkeerde dade te verrig.

## 1. DIE MENS

**Christus Jesus is die vervulling van die wet en die profete**

- Daar rus egter ‘n vloek op die Wet. Die vloek is: *dat sou jy nie doen wat Ek (God) sê nie, sal jy gestraf word en sal dit jou einde wees*. Dit is wat die Wet sê.
- Christus het gekom om die vloek van die Wet te word. Die vloek wat op die Wet gerus het, het Jesus op Hom geneem.

**Die Bybel sê Hy het Sy Godheid verlaat**

Jesus het alles eenkant toe geskuif om soos ‘n mens soos ek en jy te word.

Hy het inbeweeg in ‘n sondige wêreld, in ‘n sondige natuur, om die vloek te word, alhoewel Hy nooit self gesondig het nie. Toe het Hy deel geword van die Wet - Hy het die Wet geword; die vervulling van die Wet. Daarom sê die Bybel, een mens het die sonde gebring (Rom 5:12), een Mens moes dit weggeneem het.

Rom 5:6 Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe.
Rom 5:7 Want nouliks sal iemand vir ‘n regverdige sterwe vir ‘n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe
Rom 5:8 maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was
Rom 5:9 Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.
Rom 5:10 Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is.
Rom 5:11 En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in God deur onse Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening verkry het.

-o0o-

Hy het nie vir die regverdige gesterwe nie, Hy het vir die goddelose gesterwe, Die Bybel sê *Rom 3:23 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God.* **So Hy het vir almal gesterwe**, en nou sê hy (vers 7) *want nouliks sal iemand vir 'n regverdige sterwe, vir 'n goeie mens sal iemand hy nog die moed het om te sterwe* maar kyk nou mooi vers 8, *maar God bewys Sy liefde tot ons*.

Hy bewys sy liefde, alhoewel ons, die mens Hom verwerp het. Nogtans bewys Hy steeds Sy liefde aan ons, (vers 8) *daarin dat Christus vir ons gesterf het, toe ons nog sondaars was,* (vers 9*) veel meer dan sal ons, nou dat ons regverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn,* (vers 10) *want as ons terwyl ons vyande was met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur Sy lewe gered word as ons noudat ons versoen is* (vers 11*) en nie alleen dit nie, maar ons roem ook in God deur ons Christus Jesus deur wie ons nou die versoening gekry het*,

Die volgende het plaasgevind:

- Jesus Christus, die Woord verlaat sy Godheid, Hy gee sy Godheid in alles prys.
- Nou beweeg Hy deur en Hy kom in die aarde en Hy word mens, word as mens gebore, Hy kom in die vlees, Hy lewe tussen sondaars, siekes en kreupeles en ellendiges - die mense wat die effekte dra van die sonde, die mense wat die vrug is van sonde.
- Dan staan Hy eendag en sê: (Mat 11:28) *Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee* Hy sê: (Joh 14:6) *en niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.*

Eintlik wat Hy gesê het*, " As julle weer versoening met die Vader wil hê, moet julle saam met My kom, en Ek sal julle deur die regte pad lei, maar niemand kan op 'n ander manier na die Vader toe kom as behalwe saam met My nie.*
*Nou kom Ek verduidelik vir julle, dis amper soos 'n herder wat 'n klomp skape in die veld bymekaar maak en dan jaag hy hulle aan deur 'n hek, binne in 'n kraal. Jy kan nie op 'n ander manier in daardie kraal inkom, behalwe as die herder vir jou daarin lei nie*".

## 2. DIE 'ANDERKANT'

Christus Jesus is die Eersgeborene. Hy het moederskoot geopen. **Hy het die versoening gebring**. Hy is die tweede Adam wat die sonde van die wêreld weggeneem het.

Die oomblik as ons in Christus deur Sy bloed gewas is, is ons 'n **nuwe skepsel**. Ons het deur Sy dood, die doop van wedergeboorte bekom wat vir ons versoening gebring het. Omdat ons dit alles aanvaar, beweeg ons saam met Hom van die sonde af, deur die "hek" en ons kom uit aan die anderkant. Dit is die wedergeboorte van die kinders van God.

*Die twee wêrelde is nou deur die bloed van die Lam, van mekaar geskei.* Die bloed van die Lam is die versoening, die **skeidsmuur**. Daarom wil ek en jy wanneer ons wedergebore is, nie meer die ander wêreld (ons vorige sondige lewe) raak sien nie. Ons is nie eers meer veronderstel om aan die ander wêreld van die verlede te dink nie, want die Bybel sê dat as God ons versoen het, verwyder Hy ons sondes en dan dink Hy nooit meer daaraan nie, asof dit nooit bestaan het nie.

***PS 103:12*** *So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.*
***Heb. 8:12*** *Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie,*

-o0o-

**<u>Nuwe Lewe</u>**

Hoe kan kinders van die Here dan nog gebonde wees deur die dinge van die duisternis? Hoe kan die kinders van God dan nog struikel en sukkel met dinge in hul lewe? Dit is mos nie veronderstel om so te werk nie. Ons is mos nou in die anderkant waar ons veronderstel is om 'n lewe van oorwinning te lewe, aangesien ons saam met Christus van die eenkant af deur beweeg na die anderkant toe. Titus sê ons is nie meer deel van die duisternis nie. Die twee wêrelde is geskei deur die bad van wedergeboorte.

*Tit. 3:4 Maar toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het—*
*Tit. 3:5 nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die* ***bad van die wedergeboorte*** *en die vernuwing deur die Heilige Gees*
*Tit. 3:6 wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser;*
*Tit. 3:7 sodat ons, geregverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe*

**<u>Worsteling</u>**

Baie mense ondervind nog 'n groot probleem in hul lewens. Hulle is soos die volk Israel, wat nog altyd terug verlang na die goeie ou dae, na die vleispotte van Egipte. Die volk het nie gedink aan die slawerny nie, hulle het net gedink aan dit wat hulle kon kry. Dikwels lyk satan se dinge baie beter as die Here s'n, *want die vlees word daardeur versadig en nie die gees nie*. Mense ons kan nie meer aan die anderkant bly nie; ons kan nie meer die vorige wêreld lief hê nie. Ons kan nie meer deur die wêreld se goed gebonde en gevange wees nie.

Wanneer ons sê ons is wedergebore kinders van God, dan moet die *duisternis egter geen effek meer op ons hê nie*. Die <u>funksie</u> van die bloed het ons vry gemaak. As ons sê ons is bloed gewas, dan het Hy ons vry gemaak, want die seuns is vry. Ons het deur beweeg van die wêreld van duisternis na die wêreld van die lig,

## 3. <u>VRY !!!</u>

Hy sê baie duidelik: *Rom 5:8 maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was* (vers: 9*) Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.*

Dit verduidelik, die oordeel kom nie meer op jou nie, want jy kan nie meer beoordeel word nie. Waarom word jy aangekla? Jy is nou onskuldig! Christus het mos vir jou die oorwinning betaal. Maar as ons regverdig is, dan moet ons nou in die anderkant staan, dan moet dinge van die wêreld geen effek op ons lewe hê nie. Ons moet volkome beheer word deur die Heilige Gees van God, sodat ons dan 'n lieflike reuk offer voor Sy aangesig sal wees.

Mense, kom ons lewe hierdie oorwinning uit wat Christus vir ons behaal het. Alhoewel ons daaglikse verpligtinge het, moet ons ook kan "nee" sê vir die wêreld. Elke dag bied satan vir ons ietsie van sy leuen van hierdie wêreld aan. Ons moet kan "nee" sê deur die oorwinning wat ons behaal het wat so maklik verloor word, as ons begin "ja" sê vir die wêreld. Dit is egter net "ja" vir Christus ons Bruidegom en net dit alleen; vir niemand anders nie, sodat kan ons groei in Christus.

Baie mense hou ons dop hoe ons hierdie oorwinning uitlewe.
Wat is die beeld wat ons uitdra?
Mag ons altyd Christus lewe en Christus uitdra vir hierdie wêreld. Sonder dat ons dit besef, laat ons altyd Sy Naam verheerlik, dat mense se lewens verander word, deur die beeld van God, sodat Christus Jesus wat in ons lewe is, verheerlik mag word.

-o0o-